Skrifgedeelte: Hosea 1

Teksverse: Hosea 1:10-12

Tema: Troos mekaar, want God maak Sy volk bymekaar en gee ontferming!

In die afgelope week het `n lidmaat vir my gesê dat dit vir hom baie moeilik is om nog lidmaat van die kerk te wees, omdat hy dikwels sien en beleef hoe lidmate mekaar veroordeel en liefdeloos teenoor mekaar optree. Volgens hom gebeur dit dikwels dat daar dinge of tradisies in die kerk in stand gehou word, wat nie werklik Bybels is nie. Hierdie lidmaat is ook nie die enigste gelowige wat só voel nie. Wêreldwyd beweeg al hoe meer mense weg van die tradisionele vorme van kerk af. Dit is hoekom baie teoloë en filosowe van mening is dat ons in die tyd leef wat `n einde aan die christendom gaan bring.

Sonder om hierdie standpunte te verdedig óf te regverdig, is dit interessant dat daar in die Here se Woord heelwat gedeeltes is wat die kerk waarsku om nie sonde toe te laat nie, juis omdat dit verdeeldheid gaan bring. Hiervan is die volk in Hosea se tyd `n besonderse voorbeeld. Tog vind ons wonderlike troos en `n Goddelike vermaning in hierdie gedeelte wat van toepassing op ons is, indien ons vandag waarlik kerk wil wees. Daarom kan ons sê dat hierdie gedeelte ons oproep om mekaar te vertroos, want dit is God wat Sy volk bymekaar maak en ontferming gee.

Hosea, hoor ons aan die begin van die gedeelte, leef in die tyd van koning Jerobeam seun van Joas - of Jerobeam II soos hy ook bekend gestaan het. Hierdie tyd word beskryf as die "goue tyd" in Israel se geskiedenis omdat dit finansieel goed gegaan het met Israel. Maar daar is `n slegte geskiedenis agter hierdie goue tyd, want `n hele paar jaar van te vore was Israel en Juda een land gewees, met Salomo as koning. Nadat Salomo gesterf het, het Rehabeam koning oor die land geword.

En dit is toe dat alles begin skeef loop het, want toe Rehabeam koning geword het, het `n sekere Jerobeam in opstand gekom en die noordelike deel van Israel só opgesweep, dat die koninkryk in twee geskeur het met Rehabeam wat koning was oor die Suidelike Ryk, met die naam Juda, en Jerobeam I wat koning is oor die Noordelike Ryk, genaam Israel. Saam met die verdeling van Israel in twee dele, het daar nie net die sonde van verdeling van God se volk gebeur nie, maar ook die sonde van verdeeldheid in hulle aanbidding van God!

Want sien, hierdie Jerobeam I het toe in Dan en Bet-El twee kalwerbeelde opgesit waardeur die inwoners van Israel vir God moes aanbid. En alhoewel Israel in Jerobeam II se tyd opgeëindig het as `n finansiële sterk koninkryk, was hulle arm van gees, want hulle het God nie meer aanbid nie. Daarom dat God dan vir Hosea stuur om as profeet op te tree en die volk daarop te wys dat hulle God nie meer aanbid nie. Hierdie gedeelte van die volk van die Here het geestelike prostitute geword, want alhoewel hulle sê dat hulle getrou was aan God, het hulle ander gode ook aanbid.

Daarom dat Hosea dan hierdie opdrag kry om met `n prostituut te trou en kinders by haar te hê. Hosea se lewe moes `n getuienis wees van die volk se verhouding met die Here. Wanneer Hosea en Gomer toe kinders het, moes Hosea hierdie drie kinders ook baie interessante name gee. Hulle name was Jisreël, Lo-Rugama en Lo-Ammi. Jisreël beteken "God saai" of "God verstrooi", Lo-Rugama beteken "Sonder ontferming" en Lo-Ammi beteken "Nie-my-volk-nie". Met hierdie name moes die kinders van Hosea die volk gewaarsku het oor wat gaan kom as hulle nie van hulle sonde bekeer nie.

Met hierdie name sê God vir die volk, die kerk van die Ou Testament, wat Hy aan hulle gaan doen as hulle nie van hulle sonde gaan bekeer nie. God het dit toe ook gedoen! In 722 v.C. word die inwoners van Israel weggevoer in ballingskap en hier in ballingskap word hierdie tien stamme opgedeel en regoor die bekende wêreld van daardie tyd gestuur. Hier laat God toe dat hierdie gedeelte van die kerk van die Here verstrooi word.

En dit is ook hier waar God nie meer ontferming vir hulle gee nie en waar God Homself van hulle onttrek. Hier is hierdie tien stamme van die Noordelike Ryk nie meer die volk van God nie, weens die sonde waaraan hulle vasgeklou het en waarmee hulle nie wou breek nie. Hulle het afgode gehad - dinge, gedagtes en oortuigings wat meer prioriteit in hulle lewe ingeneem het, as wat hulle diens aan God ingeneem het, en daarom onttrek die Here Hom op hierdie stadium van hierdie gedeelte van Sy kerk.

Maar Hy doen dit nie sonder `n belofte van herstel nie! En hierdie belofte van herstel, wat die Here gee, gaan nie net oor die inwoners van die Noordelike Ryk, van Israel, nie. Ja, die Here belowe dat daar weer vir hulle ontferming sal wees en dat hulle weer Sy volk sal wees, maar Hy gaan selfs nog verder. Die belofte van herstel wat die Here gee, hou ook in dat Israel en Juda weer een sal wees. Luister mooi na hierdie belofte: "Dan sal die kinders van Juda en die kinders van Israel almal saam vergader en vir hulle een hoof aanstel en uit die land optrek..."

En die feit dat God hierdie belofte gaan nakom, is só waar en vas en seker dat hulle, nog voordat die Israeliete verstrooi is, mekaar al hierop moet wys. Onthou, my broers en susters, toe Hosea hierdie woorde aan die volk moes sê, was dit nog bloot net `n waarskuwing. Hulle was nog nie verstrooi nie en die Here sou Hom oor hulle ontferm het indien hulle sou bekeer. Tog is die belofte só vas en waar, dat hulle nou al vir mekaar moes sê: Ammi - my volk. En Rugama - "die vir wie daar ontferming is".

Wanneer Paulus dan eeue later die brief Romeine skryf, praat hy in Romeine 9 oor die feit dat Jesus Christus vir beide Jode en nie-Jode gesterf het en dan wys hy terug na hierdie belofte wat die Here gemaak het. Met hierdie woorde stel Paulus dit duidelik: in Jesus Christus het hierdie belofte van die Here waar geword! In Jesus Christus eindig die Jisreël-tyd van die kerk: die kerk is nie meer verstrooi nie, maar hulle word weer in Jesus Christus een!

In Jesus Christus is die kerk van die Here nie meer sonder ontferming nie en is ons nie meer nie die volk van God nie. In Jesus Christus word ons "Rugama" en "Ammi" genoem: hulle waaroor God Hom ontferm het en hulle wat die volk van die Here is. Jesus Christus is die een hoof, die leier wat belowe is. Hy is die een wat oor die volk van die Here, oor die kerk, regeer. Dit is net weens dit wat Jesus Christus doen wat ons waarlik kerk kan wees en wat ons die ontferming van die Here kan ervaar. Net in Jesus Christus staan ons in `n volle eenheid met mekaar, is daar volle ontferming vir ons en is ons ten volle kerk.

Maar juis om hierdie rede moet ons wakker wees, my broers en susters! Ons moet wakker slaap en seker maak dat Jesus Christus werklik ons Hoof is - nie net in dit wat ons bely nie, maar ook in die manier waarop ons as gemeente optree, hoe ons besluite neem en wat die motivering agter ons besluite is. Ons moet seker maak en ons inspan dat ons deur die Heilige Gees eensgesind is: een van hart, een in strewe en een in liefde. Ons moet smeek dat die Heilige Gees al hoe meer die

gesindheid van Jesus Christus aan ons gee, sodat ons uit liefde vir God gehoorsaam kan wees aan Hom.

Wanneer `n gemeente in sonde sit en aanhou om sonde te doen gee dit aanleiding daartoe dat `n gemeente skeur en dat daardie gemeente se lig uitgedoof word. Gaan lees gerus die briewe aan die sewe gemeentes in Openbaring. Telkens wanneer Jesus Christus aan hierdie gemeentes `n waarskuwing rig, is dit weens die feit dat hulle in sonde sit, omdat hulle nie met alles in hulle op Jesus Christus gefokus is nie. En telkens wanneer een van daardie gemeentes met alles in hulle op Jesus Christus gefokus is, word daar vir hulle `n wonderlike belofte en seën toegesê.

Daarom dat hierdie gedeelte ons ook oproep en vermaan om seker te maak dat ons as gemeente en elke lidmaat in sy of haar privaatlewe teen die sonde stry. Daarom dat hierdie gedeelte ons oproep om te besin oor of en hoe ons gemeente met ons hele bestaan op Jesus Christus, ons Hoof, fokus. Maar daarom dat hierdie gedeelte ons ook troos en ons oproep om mekaar te troos. Ons kan en mag mekaar troos en vir mekaar sê "my volk" en "dié vir wie daar ontferming is", want ons weet dat die Here ons genadig is.

Ons weet dat God Hom oor ons sal ontferm en dat ons die volk van die Here sal bly, wanneer ons werklik Jesus Christus aanbid as ons Hoof, Koning en die Een wat God se ontferming vir ons kom wys het. Net dan, en dan alleen, kan ons werklik kerk wees. Troos mekaar en vermaan mekaar, want God maak Sy volk bymekaar en gee ontferming in en deur Jesus Christus alleen!

Amen.